














VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE JEUG VAN SUID-AFRIKA

Gelykheid Behandel elke persoon met gelykheid en billikheid. Moenie diskrimineer nie. 	Menswaardigheid Respekteer almal. Wees vriendelik en gee om vir ander. 	Lewe Alle lewe is kosbaar. Behandel alle lewe met respek. 
Gesin en familie Eer en respekteer jou ouers. Wees vriendelik en lojaal teenoor jou gesin en familie. 	Onderwys Woon die skool by, leer en werk hard. Gehoorsaam die skool se reëls. 	Werk Help jou gesin met werk in die huis. Kinders mag nie gedwing word om buite die huis te werk nie. 
Vryheid en sekuriteit Moenie ander mense seermaak, boelie of intimideer nie, en moenie toelaat dat ander dit doen nie. Besleg geskille op 'n vreedsame manier. 	Eiendom Respekteer die eiendom van ander. Moenie eiendom beskadig nie, en moenie steel nie. 	Religie, oortuiging en menings Respekteer die oortuigings en menings van ander. 
Veiligheid Sorg vir die aarde. Moenie water of elektrisiteit vermors nie. Sorg vir diere en plante. Hou jou huis en gemeenskap skoon en veilig. 	Burgerskap Wees 'n goeie, getroue burger van Suid-Afrika. Gehoorsaam die wette, en maak seker dat ander dit ook doen. 	Vryheid van uitdrukking Moenie leuens en haat versprei nie. Moenie ander beledig of krenk nie. 

Hersien volgens die KABV

AFRIKAANS HUISTAAL – Graad 1 Boek 2



Graad 1

AFRIKAANS HUISTAAL

Boek 2
Kwartaal 3 & 4

Naam: Klas:

ISBN 978-1-4315-0049-9

 9 781431 500499



Werkboeke beskikbaar in hierdie reeks:

- Graad R (in al die 11 amptelike tale);
- Huistaal Graad 1 tot 6 (In al die 11 amptelike tale);
- Wiskunde Graad 1 tot 3 (In al die 11 amptelike tale);
- Wiskunde Graad 4 tot 9 (In Afrikaans en Engels);
- Lewensvaardigheid Graad 1 tot 3 (In al die 11 amptelike tale);
- Engels Eerste Addisionele Taal Graad 1 tot 6.

AFRIKAANS HOME LANGUAGE
GRADE 1 – BOOK 2
 TERMS 3 & 4
 ISBN 978-1-4315-0049-9
9th Edition
 THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.



basic education
 Department:
 Basic Education
 REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

ISBN 978-1-4315-0049-9



Mev. Angie
Motshekga,
Minister van
Basiese Onderwys



Mnr. Enver Surty,
Adjunkminister
van Basiese
Onderwys

Hierdie Werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev. Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, mnr. Enver Surty.

Die Reënboog-Werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys met die doel om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan van Aksie en is moontlik gemaak deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie. Die Departement is hierdeur in staat gestel om hierdie Werkboeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.

Ons hoop dat u as onderwyser hierdie Werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind en ook sal verseker dat u leerders die kurrikulum dek. Al die aktiwiteite in die Werkboeke het ikone om aan te dui wat die leerders moet doen.

Ons hoop van harte dat leerders dit gaan geniet om die boeke deur te werk terwyl hulle leer en groei, en dat u as onderwyser dit saam met hulle sal geniet.

Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie Werkboeke toe.


Die leesproses

Pre-lees




- Vra jouself af wat jy reeds oor die onderwerp weet.
- Let op die outeur en die datum van publikasie.
- Lees die eerste en laaste paragraaf van elke afdeling.
- Probeer voorspel waarom die teks sal handel.

Lees



- Maak terwyl jy lees seker dat jy verstaan.
- Vergelyk jou voorspellings met wat jy lees.
- Indien jy die betekenis van onbekende woorde nie kan uitwerk nie, gebruik 'n woordeboek.
- Indien jy 'n afdeling nie verstaan nie, lees dit stadig weer deur. Lees dit hardop.

Post-lees



- Probeer om spesifieke inligting te onthou.
- Maak 'n geheuekaart van sleutelgedagtes.
- Maak 'n opsomming om jou te help om die sleutelgedagtes te onthou.
- Gebruik idees uit tekste wat jy lees in jou eie skryfstukke.



Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education
Ninth edition 2019

ISBN 978-1-4315-0049-9

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.

This book may not be sold.

Graad



H u i s t a a l
in AFRIKAANS



Hierdie boek behoort aan:

AFRIKAANS

Boek

2



Tema 5: Die dinge wat ons geniet

Kwartaal 3 – Week 1-4

66 Troeteldiere 2

Gesels oor 'n prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: enkelvokale.
Kies die woordkaarte wat by die woorde pas.
Handskrif: Oefen die letter A.
Skryf: Skryf 'n sin oor.

66 Nog troeteldiere 4

Vul die korrekte vokale in sodat die woorde by die prente pas.
Klanke: Soek en omring vokale.
Gebruik die alfabet om kolletjies te verbind en 'n prent te voltooi.
Skryf: Oefen dit om sy of haar naam en van te skryf.

67 Pret in die son 6

Gesels oor 'n prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: enkelvokale.
Kies die woordkaarte wat by die woorde pas.
Handskrif: Oefen die letter B.
Skryf: Skryf die sin oor.

68 In die son 8

Vul vokale in om die woorde by die prentjies te laat pas.
Klanke: Verbind elke kleinletter met sy hoofletter.
Pretaktiwiteit: Omring die prentjies wat nie by die ander pas nie.

69 Ons speel 10

Gesels oor 'n prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: Woorde met st-, bl- en sl-.
Kies die woordkaarte wat by die woorde pas.
Handskrif: Oefen die letter C.
Skryf: Skryf die sin oor.

70 Ek hou van speel 12

Verbind die woorde met die korrekte prentjies.
Omring die korrekte klanke in sinne.
Verbind die woorde met die korrekte prentjies.
Pretaktiwiteit: Soek op 'n kaart die pad wat die kinders moet volg.

71 Dis lekker om te hardloop 14

Gesels oor 'n prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: woord met sp- en st-.
Kies die woordkaarte wat by die woorde pas.
Handskrif: Oefen die letter D.
Skryf: Skryf die sin oor.
Pretaktiwiteit: Gesels oor wat in die prentjies gebeur het.

72 Om te wen 16

Gesels oor 'n prent.
Klanke: Omring die korrekte klanke in sinne.
Gesels oor wat in die prentjies gebeur het.
Voltooi die woorde sodat dit by die prentjies pas.

73 By die winkel 18

Gesels oor 'n prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: dubbelvokale.
Kies die kaarte wat by die woorde pas.
Handskrif: Oefen die letter E.
Skryf: Skryf die sin oor.

74 Wat gaan ons koop? 20

Gesels oor 'n prent.
Klanke: Vul sl-, bl- of st- in om die woorde by die prentjies te laat pas.
Omring die korrekte klanke in sinne.
Maak 'n lys van items wat gekoop is.

75 Ons lees 22

Gesels oor 'n prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: woorde met o.
Kies die woordkaarte wat by die woorde pas.
Handskrif: Oefen die letter F.
Skryf: Skryf die sin oor.

76 Ek is lief vir boeke 24

Vul die letters in wat op die boeke weggelaat is.
Bepaal watter boeke dik en watter dun is, en hoeveel daar van elke kleur is.
Vul vokale in om woorde te voltooi en by prentjies te laat pas.
Pretaktiwiteit: Soek die ballonne.

77 Ek wens ek het 'n vis 26

Gesels oor 'n prent.
Lees praatborrels en kort sinne.
Werk met woorde: woorde met sk-, vl-, sw- en kn-.
Kies die woordkaarte wat by die woorde pas.
Handskrif: Oefen die letter G.
Skryf: Skryf 'n sin oor.

78 Diere en troeteldiere 28

Teken 'n prentjie van 'n troeteldier.
Omring die korrekte klanke in sinne.
Pretaktiwiteit: Knip prentjies van diere uit en plak dit op 'n plaastoneel in.

79 Die drie beertjies 30

Gesels oor die prente.
Maak 'n storieboek wat uitgeknip kan word.
Kleur die prent van die drie bere in.
Vind items wat in die prent weggesteek is.
Lees die storie van die drie beertjies.



Tema 6: Ons rits rond

Kwartaal 3 – Week 5-8

81 Die verjaarsdagpartytjie 36

Gesels oor die prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: woorde met sk-, sp-, bl- en kl-.
Handskrif: Oefen die letter H.
Skryf: Skryf die sin oor.
Skryf naam, ouderdom en verjaarsdagdatum.

82 Veels geluk met jou verjaarsdag! 38

Sing "Veels geluk liewe maatjie".
Vul die korrekte klanke in om woorde by prente te laat pas.
Omring die korrekte klanke in sinne.
Pretaktiwiteit: Trek die name van die maande op die kalender na. Vul die verjaarsdae van maats in.

83 Ons gaan dieretuin toe 40

Gesels oor 'n prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: woorde met kl-, sp-, sl- en vl-.
Skryf: Skryf 'n sin oor.
Skryf 'n sin oor die prentjie.

84 Die diere in die dieretuin 42

Vul die woorde wat weggelaat is in.
Handskrif: Oefen die letter I.
Omring die korrekte letters in sinne.
Pretaktiwiteit: Soek diere in 'n labirint.

85 Op die plaas 44

Gesels oor 'n prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: woorde met dubbelklanke.
Handskrif: Oefen die letter J.
Skryf: Skryf die sin oor.
Skryf eie naam, naam van skool en naam van graad.

86 Plaaslewe 46

Maak die geluide van plaasdiere na.
Vul ontbrekende woorde in sinne in.
Omring die korrekte klanke in sinne.
Verbind die korrekte prente met mekaar.

87 Die sirkus 48

Gesels oor 'n prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: woorde met kl-, sm-, kn- en -aa-.
Handskrif: Oefen die letter K.
Skryf: Skryf die sin oor.
Skryf 'n sin oor die prent.
Skryf naam, ouderdom en plek wat hy of sy wil besoek.

88 Die diere in die sirkus 50

Teken gunstelingdier op 'n T-hemp.
Kyk hoe party woorde in die meervoud -s kry.
Klanke: Omring die korrekte letters.
Verbind die kolletjies volgens die alfabet om te sien watter dier dit is.

89 Karel en Anita verdwaal 52

Gesels oor die prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: woorde met -ee-, pl- en sn-.
Handskrif: Oefen die letter L.
Skryf: Skryf die sin oor.
Skryf 'n sin oor die prent.
Identifiseer die dag van die week.

90 Die dae van die week 54

Skryf naam van gunstelingdag neer.
Vul die dae in die kalender in.
Omring die korrekte klanke in sinne.
Pretaktiwiteit: Help Karel en Anita om by die huis te kom.

91 Die sokkerwedstryd 56

Gesels oor 'n prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: enkelvokale.
Handskrif: Oefen die letter M.
Skryf: Skryf die sin oor.
Skryf 'n sin oor die prentjie.
Skryf wat hy of sy graag doen en graag eet.

92 My gunstelingsport 58

Teken 'n prentjie van gunsteling-sportsoort.
Skryf 'n sin oor die prent.
Vul ontbrekende sinsdele in.
Klanke: Omring die korrekte klanke in sinne.
Pretaktiwiteit: visuele diskriminasie. Gesels oor die verskille tussen die prente.
Soek bepaalde items.

93 Die speelgoedwinkel 60

Gesels oor 'n prent.
Lees kort sinne.
Werk met woorde: woorde met -uu-, -oo-, bl- en fl-.
Handskrif: Oefen die letter N.
Skryf: Skryf die sin oor.
Skryf 'n sin oor 'n prent.
Verstrek ouderdom en voltooi 'n sin.

94 My gunstelingspeelgoed 62

Verbind die kolletjies volgens die alfabet om 'n prent te voltooi.
Voltooi sinne met behulp van prente.
Klanke: Omring die korrekte klanke in sinne.
Pretaktiwiteit: Sorteer items in die korrekte mandjies.

95 Die drie varkies 63

Gesels oor die prente.
Lees die storie van die drie varkies.
Rolspeel die storie van die drie varkies.



Tema 7: Dinge om ons

97 Die kliniek	68
Gesels oor die prente. Lees 'n strokiesprentstorie. Werk met woorde: woorde met -ie- en -ou-. Handskrif: Oefen die letter O. Skryf: Skryf die sin oor. Teken 'n prent en skryf twee sinne daaroor.	
98 Beterskap	70
Plaas prente in die korrekte volgorde. Skryf 'n beterskapkaartjie vir iemand. Klanke: Omkring die korrekte woorde in sinne en voeg punte by. Verbind woorde met die korrekte prente.	
99 Pieter gaan tandarts toe	72
Gesels oor die prente. Lees 'n strokiesprentstorie. Werk met woorde: woorde met -a-, -aa- en -ou-. Handskrif: Oefen die letter P. Skryf: Skryf 'n sin oor. Teken 'n prent oor hoe om tande te versorg en skryf sinne daaroor.	
100 Sorg vir jouself	74
Gesels oor die prente. Skryf 'n sin oor twee van die prentjies. Identifiseer meervoude. Pretaktiwiteit: Vind die pad (oognaspeuring).	
101 Padveiligheid	76
Gesels oor die prente. Lees kort sinne. Werk met woorde: woorde met -oe-, -aa- en -ie-. Handskrif: Oefen die letter Q. Skryf: Skryf die sin oor. Teken 'n prent en skryf 'n sin daaroor.	

102 Padveiligheid	78
Kleur die kleure van verkeersligte in. Omkring die korrekte woorde in sinne. Verbind woorde met die korrekte padtekens.	
103 Vervoer	80
Gesels oor 'n prent. Lees kort sinne. Werk met woorde: woorde met -ei-, -oo-, -ou- en -uu-. Handskrif: Oefen die letter R. Skryf: Skryf die sin oor.	
104 Reis	82
Knip die prentjies van die verskillende vervoermiddele uit en plak hulle op die land, see of lug in.	
105 Die brand	84
Gesels oor 'n prent. Lees kort sinne. Werk met woorde: woorde met -u-, -uu- en -ui-. Handskrif: Oefen die letter S. Skryf: Skryf 'n sin oor. Teken 'n prentjie en skrif sinne daaroor.	
106 Speel met vuur	86
Gesels oor prentjies. Skryf sinne oor die prentjies. Klanke: Omkring die korrekte klanke in sinne. Vind die pad deur 'n labirint (oognaspeuring).	
107 By die skool	88
Gesels oor die prent. Lees kort sinne. Werk met woorde: woorde met -ou-, -eu- en -ui-. Handskrif: Oefen die letter T.	

Kwartaal 4 – Week 1-4

Skryf 3 sinne oor wat hy of sy die vorige dag gedoen het.
Teken 'n prent en skryf sinne daaroor.

108 Wat ons by die skool doen	90
Teken 'n prent van 'n maat en skryf 'n sin oor hom of haar. Vul die ontbrekende werkwoorde in om sinne te voltooi. Verbind woorde met die korrekte prentjies.	
109 Ná skool	92
Gesels oor prentjies. Lees sinne oor die prente. Werk met woorde: werkwoorde in die verlede tyd met ge-. Handskrif: Oefen om die letter U te skryf. Skryf sinne oor wat hy of sy die vorige dag gedoen het en illustreer dit.	
110 Nog 'n dag	94
Lees 'n gediggie oor die sterre. Speel 'n woordspeletjie. Klanke: Omkring die korrekte woorde in sinne en voeg punte by.	
111 Heuningbeer sit vas	96
Sorteer woorde volgens klanke en skryf hulle in die korrekte klankraampies. Skryf 3 sinne in klaswerkboek.	
112 Heuningbeer sit vas	97
Maak 'n boekie van die storie van Heuningbeer. Lees die storie.	



Tema 8: Ons wêreld

113 Die weer	102
Gesels oor prentjies. Lees praatborrels in sinne. Werk met woorde: woorde met ge-, -ee-, -ou- en -y-. Handskrif: Oefen die letter V. Skryf: Skryf 'n sin oor. Teken 'n prentjie en skryf sinne daaroor.	
114 Hoe is die weer?	104
Skryf 'n sin oor elke prentjie. Gebruik byvoeglike naamwoorde om sinne te voltooi. Klanke: Omkring die korrekte klanke in sinne. Voeg punte by. Onderskei tussen kledingstukke vir verskillende weersomstandighede.	
115 Die storm kom	106
Gesels oor 'n prent. Lees kort sinne. Werk met woorde: woorde met -ui-, -eu- en -ei-. Handskrif: Oefen die letter W. Skryf: Skryf 'n sin oor. Teken 'n prent en skryf sinne daaroor.	
116 Meer oor die weer	108
Vul die korrekte woorde in. Klanke: Omkring die korrekte woorde. Pretaktiwiteit: Lees 'n weerkaart en beantwoord vrae wat daarop gebaseer is. Hou 5 dae lank 'n weerkaart by.	
117 Bongri en Anita plant groente	110
Gesels oor 'n prent. Lees kort sinne. Werk met woorde: woorde met -ui-, -oe- en -ee-. Handskrif: Oefen die letter X. Maak 'n lys van die groente in die prent. Identifiseer groente en vrugte.	

118 Ons plant	112
Gesels oor prentjies. Klanke: Vul die korrekte woorde in sinne. Knip prentjies van groente uit en plak dit op 'n staafdiagram in.	
119 In die wildtuin	114
Gesels oor 'n prent. Lees kort sinne. Werk met woorde: woorde met -ui-, -aa-, -oe- en -ie-. Handskrif: Oefen die letter Y. Beskryf 'n prent.	
120 Wilde diere	116
Vul etikette van diere se liggaamsdele in. Vul in hoeveel liggaamsdele elke dier het. Vul die korrekte woorde in om sinne te voltooi. Pretaktiwiteit: Voltooi die prentjie deur tekening van items by te voeg.	
121 Die seisoene	118
Gesels oor prentjies. Lees kort sinne en byskrifte. Werk met woorde: meervoude op -e en -s. Handskrif: Oefen die letter Z. Skryf 'n sin oor. Teken 'n prentjie en skryf sinne daaroor.	
122 Dae van die week en maande	120
Gesels oor die kalender. Skryf antwoorde op vrae neer. Vul die ontbrekende woorde in. Identifiseer die lewende dinge in 'n prent.	
123 Die oseaan	122
Gesels oor 'n prent. Lees byskrifte en kort sinne. Werk met woorde: meervoude op -e en -s.	

Kwartaal 4 – Week 5-8

Skryf: Skryf 'n sin oor.
Teken 'n prent en skryf sinne daaroor.

124 Onder die see	124
Verbind die kolletjies met behulp van die alfabet om 'n prent te voltooi. Vul die name van seediere in om sinne te voltooi en voeg punte by. Klanke: Omkring die korrekte klanke in sinne. Pretaktiwiteit: Verbind elke kind met sy of haar vis.	
125 Ollie die Olifant Verdwaal	126
Gesels oor die prentjies. Lees die verhaal van Ollie die Olifant. Doen 'n rolspel waarin die verskillende diere uitgebeeld word.	





Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.
Voorspel wat in die storie gaan gebeur.



Ons lees

Anita het 'n kat.



Jannie het 'n papegaai.



Bongi het ook
'n hond.



Sarel het 'n hond
en 'n rot.



Datum: _____

Sigwoorde

die
en
van



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan twee van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

kat	hond	Ben
vat	rot	ken
lat	vrot	lem



Ons pas

Kies die woordkaarte agter in die boek wat by die woorde in hierdie sin pas.

Anita se kat sit

op die bont mat.



a a

Skryf hierdie letters oor.

Ons skryf




A A



Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.




Anita se kat sit op die mat.



Ons doen

Vul die korrekte letter in sodat die woord by die prentjie pas.

ka t

bl ___ k

___ at

hon ___

p ___ n

pe ___

spel ___

hoe ___

stom ___

p ___ n



Klanke


Lees die sinne en omkring die klanke dan soos in die voorbeeld.

a	Die k <u>a</u> t sit op die m <u>a</u> t.
e	Ben sit op die bed.
i	Ek is moeg en ek wil sit.
o	Die hond is bont en die kat is rond.
u	Ek wil rus want my rug is seer.



Vir die pret

Volg die letters van die alfabet om die prentjie te voltooi. Kleur dan die prentjie in. Praat met mekaar en besluit dan of die diertjie 'n goeie troeteldier sal maak.



Ons skryf


Oefen om jou naam te skryf.

Four horizontal lines for handwriting practice, enclosed in a rounded rectangular box.



Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor. Juffrou sal julle help om 'n klasstorie te skryf.



Ons lees

Ons speel op die strand.

Ons speel in die seesand en grawe gate.

Ek dra 'n rooi pet.

Ek sit op die handdoek en eet my broodjie.



Datum: _____

Sigwoorde

is
nie
in



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Gebruik dan twee van die woorde om jou eie sinne
in jou klaswerkboek te skryf.

son	lug	ken
krom	vrug	swem
gom	brug	pen



Ons pas

Kies die woordkaarte agter in die boek wat by die woorde in hierdie sin pas.

Bongi	speel	met
'n	blou	bal.



Skryf hierdie letters oor.

Ons skryf



b b

B B



Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.



Bongi speel met 'n bal op die sand.

Onderwyser: Teken _____





















Datum _____



Ons skryf

Voltooi die woorde sodat hulle by die prentjies pas. Gebruik die korrekte letters om die woorde te voltooi.



 k__t	 p__t	 sp__nnerak	 r__sbank
 st__mp	 r__ng	 n__t	 vr__gte
 b__d	 s__n	 p__n	 m__s
 kr__t	 l__p	 p__t	 b__s
 r__ts	 m__t	 v__n	 vl__rmuis

Datum: _____



Ons skryf

Verbind elke kleinletter in die boonste ry met sy hoofletter in die onderste ry.

a	e	i	o	u
u	o	e	i	a



Vir die pret

Omkring die prentjie wat nie by die res van die prentjies pas nie. Skryf dan die naam van die groep in die tabel. Gebruik hierdie woorde om jou te help.

motors








katte

honde

plante

vrugte

klere

	honde 
	
	
	
	
	

Onderwyser: Teken _____

Datum _____



Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.
Voorspel wat in die storie gaan gebeur.



Ons lees

Dit is so lekker om in die son te speel.
Ons hou baie daarvan om te speel.
Ek hou van hardloop en spring.



Datum: _____

Sigwoorde

het
wat
dit



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Gebruik dan twee van die woorde om jou eie sinne in jou
klaswerkboek te skryf.

slag	bles	stop
sleg	blaar	stap
slim	blos	staan



Ons pas

Kies die woordkaarte agter in die boek wat by die woorde in hierdie sin pas.

Coen	en	Corrie
skop	'n	bal.



c c

Skryf hierdie letters oor.

Ons skryf




C C



Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.



Coen, Corrie en Conrad skop 'n bal.

Blank writing lines for the sentence.



Ons doen

Verbind elke woord met die korrekte prentjie.



swaai

hardloop



spring

skop



sit

swem



staan

hop



Klanke

Lees die sinne en omkring die klanke dan soos in die voorbeeld.

bl	Die (bl) aar word geel.
aa	Ons speel lekker saam.
sl	Die hond is baie slim.
ee	Sy dra 'n geel pet.
st	Ons stop by die stopstraat.
uu	Die vuur is warm.




Datum:



Ons pas

Kies die woord wat by elke prentjie pas.
Omkring dan die oo in elke woord.



boom

toon


boon

poot



Vir die pret

Help hierdie
kinders om by die
park uit te kom.



Onderwyser: Teken

Datum

13



Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor. Juffrou sal julle help om 'n klasstorie te skryf.



Ons lees

Ons hou daarvan om te hardloop.
Anita en Danie hardloop baie vinnig.
My hond Ben kom altyd laaste.
Stop, Ben! Stop!



Datum: _____

Sigwoorde

te
ons
om



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Kies dan woorde uit die raam en skryf twee sinne
daarmee in jou klaswerkboek .

spring	staan	straat
speel	stil	staal
spyt	stop	stop



Ons pas

Kies die woordkaarte agter in die boek wat by die woorde in hierdie sin pas.

Anita	en	Danie
hardloop	baie	vinnig.



Skryf hierdie letters oor.

Ons skryf



d d D D



Ons skryf


Skryf hierdie sin oor.

Danie druk 'n drie.



Vir die pret


Praat met jou maatjie oor hierdie twee prentjies. Wat het gebeur?





Ons praat


Kyk na die prentjie en gesels daaroor.
Voorspel wat in die storie gaan gebeur.



Klanke

Lees die sinne en omkring die klanke dan soos in die voorbeeld.

st	Ben se <u>st</u> ert is lank.
st	Sarel is stil vandag.
st	Die skilpad se bek is stomp.
st	Ek wil my kos wegsteek want Sarel wil dit eet.
st	Die strand is besig vandag.
st	Ons stad is stil gedurende die skoolvakansie.



Datum: _____



Ons praat

Praat met jou maat oor die twee prentjies.
Wat is besig om te gebeur?



Vir die pret

Voltooi die woorde sodat hulle by die prentjie pas. Gebruik **st** of **sp**.
Ons het die eerste een vir jou gedoen.



___ raat




___ eel



ver___ ring



___ rykyster



___ erk



Onderwyser: Teken _____

Datum _____

17



Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor. Juffrou sal julle help om 'n klasstorie te skryf.



Ons lees

Ella is by die winkel.

Sy koop kaas en lekkers vir haarself.

Sy moet ook vir haar ma meel en melk koop.



Datum: _____

Sigwoorde

word
vir
op



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Kies dan woorde uit die raam en skryf twee sinne daarmee in jou klaswerkboek .

kaas	loop	vuur	veer
raas	koop	duur	seer
aap	roos	muur	meel



Ons pas

Kies die woordkaarte agter in die boek wat by die woorde in hierdie sin pas.

Ella koop melk

en meel.


Skryf hierdie letters oor.

Ons skryf



e e

E E



Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.

Ella koop melk en meel by die winkel.



Ons doen

Vul **st**, **sl** of **bl** aan die begin van elke woord in om die woorde by die prentjies te laat pas.



bl aas

 aar



 op

 ok



 ak



 aap



Klanke

Lees die sinne en omkring die klanke dan soos in die voorbeeld.

bl	Jan het geel bl okkies gekoop.
aa	Ella moet kaas koop.
st	Ons staan en wag vir 'n bus.
uu	Die kos is duur.
sl	Die lekkers is sleg.
oo	Anita koop 'n rok.




Datum:



Vir die pret

Kyk na die prentjie en skryf dan die name van die 4 items wat Ella gekoop het in die raampies neer.



Onderwyser: Teken

Datum



Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.
Voorspel wat in die storie gaan gebeur.

Dit is 'n goeie
boek hierdie.



Ek lees ook
'n goeie boek

Nee, Ben. Hou op,
jou lawwe hond.



Ons lees

Bongi, Fransie en Anita lees dik boeke.
Skielik spring Ben op hulle.
Ben is 'n lawwe hond.



Datum: _____

Sigwoorde

dat
met
as



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Kies dan woorde uit die raam en skryf twee sinne daarmee in jou klaswerkboek .


lof	lot	pot
lok	plof	lomp
los	klok	lont



Ons pas

Kies die woordkaarte agter in die boek wat by die woorde in hierdie sin pas.

Fransie en haar maats lees fabels.



Skryf hierdie letters oor.

Ons skryf



f f

F F



Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.



Fransie en haar maats lees fabels.

Onderwyser: Teken _____

Datum _____



Ons doen

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.



Ons skryf

Vul die ontbrekende letters van die alfabet op die rugkante van die boeke in. Beantwoord dan hierdie vrae.

Watter boeke is dik?

Watter boeke is dun?

Tel hoeveel boeke daar van elke kleur is:

rooi	
geel	
pienk	

groen	
blou	
pers	



Datum:



Ons skryf

Voltooi die woorde sodat hulle by die korrekte prentjie pas. Gebruik hierdie letters.

a	e	i	o	u
---	---	---	---	---




app <u>e</u> l
k <u>o</u> s
j <u>u</u> s
l <u>u</u> g
k <u>o</u> s
bl <u>u</u> s
h <u>u</u> mp
kr <u>u</u> ns



Vir die pret

Help die kinders om die ballonne te kry wat dieselfde kleur as hul hemde is.



Onderwyser: Teken

Datum



Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.
Skryf 'n klasstorie saam met juffrou.



Ek wens ek
het 'n vis.



Ons lees



Dit is 'n hond.
Dit is 'n kat.
Daar is ook hase.
Ek wens ek het 'n vis.



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan twee van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

skink	vlug	swem	knik
skaam	vlag	swig	knak
skok	vlak	sweet	knop



Datum:



Ons pas

Kies die woordkaarte agter in die boek wat by die woorde in hierdie sin pas.

Gerrie


speel

met

'n

geel

hond.




Skryf hierdie letters oor.

Ons skryf



g g

G G



Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.

Gerrie speel met 'n geel hond.

Blank handwriting lines for practice.



Onderwyser: Teken

Datum

27



Ons doen

Teken 'n prentjie van 'n dier wat jy dink 'n goeie troeteldier sal maak. Vertel vir jou maat hoekom jy dink dit 'n goeie troeteldier sal wees.



Klanke



Lees die sinne en omkring die klanke dan soos in die voorbeeld.

sp	Ek het myself met 'n sp eld gesteeek.
st	Ons stap stasie toe.
bl	Die kind blaas haar kersies uit.
sp	Ek speel graag krieket.
sl	Ons het 'n harde slag gehoor.
sp	Ons span is die beste.



Ons doen

Knip die diere op hierdie bladsy uit en plak hulle op die korrekte plekke op die prentjie op die volgende bladsy.



Datum: _____



Vir die pret

Watter diere maak goeie troeteldiere?
Watter diere sal altyd wilde diere bly?
Watter diere kry jy op 'n plaas?



Onderwyser: Teken _____

Datum _____

29

Die drie beertjies



Lees hierdie woorde en help Gouelokkies en Bababeer dan om hulle in die korrekte klankraampies te sorteer.



rus

sit

ken

los

bad

vis

mus

lus

pot

mat

mos

pad

bed

pit

wen





a

e

i

o

u



Leesboeke:

Volg die instruksies en maak hierdie uitknipboek. Neem dit huis toe en lees dit vir jou familie en jou maats.






Wie het in my bed geslaap?



Ek is jammer ek het jou pap geëet.

Jy is my beste maat.



Bababeer is baie bly. Hy het 'n nuwe maatjie.



Die drie beertjies





Gouelokkies word wakker.
Sy is bang.

14

Kom ons gaan stap terwyl
die pap afkoel.



Die pap is baie warm.

3

Die pap is baie
lekker.



Die drie beertjies maak hulle
pap.

2

Hier is sy!



15

Wie het in my bed
geslaap?



Ek wens ek het
'n maatjie gehad.



Bababeer het glad nie
maatjies nie.

12

5

Die bed is te
hard.

Hierdie een
is net reg.

Hierdie bed
is te sag.



Sy raak aan die slaap.

8

9

Ek is so honger.
Ek ruik lekker kos.



Gouelokkies sien hulle huis.

6

Wie het van my
pap geëet?



Wie het my pap
geëet? Al my
pap is opgeëet.

11

Wie het van my
pap geëet?



Die pap is te
warm.

Hierdie pap
is te koud.



Hierdie pap
is net reg.

Sy proe aan die pap.

10

7



Vir die pret

Kleur die prentjie van die drie beertjies in.
Kyk of jy die lepel, lorrie, horlosie, strikdas, tandeborsel en handsak kan kry en omkring dit.





Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.
Voorspel wat in die storie gaan gebeur.



Ons lees

Vandag is Hannelie se verjaarsdag.
Ons speel met al ons maats.
Hannelie blaas die kersies dood.
Ons klap vir haar hande.
Ons eet baie lekker.



Datum: _____

Sigwoorde

aan
af
agt



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan twee van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

skil	speel	blaas	klap
skaak	spaar	blou	klank
skel	speld	bleek	klop



Ons skryf

Skryf hierdie letters oor.

h h



H H



Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.

Hannelie het mooi lang hare.

Skryf twee sinne oor die prentjie.

Ons skryf



Ons skryf

My naam is _____ .
 Ek is _____ jaar oud.
 My verjaarsdag is in _____ .

Onderwyser: Teken _____

Datum _____



Ons doen

Kom ons sing 'n liedjie.





Veels geluk liewe maatjie
 Omdat jy verjaar.
 Mag die Here jou seën
 En nog baie jare spaar.



Ons doen

Kies die korrekte letters en vul hulle aan die begin van die woorde in sodat die woorde by die prentjies pas.



___ uim	pr	 <u>vl</u> ag
___ ant	sl	___ op
___ ou	gl	___ ieg
___ ok	bl	___ y
___ aap	kl	___ ap
	st	
	pl	
	vl	
	bl	



Datum:



Klanke

Lees die sinne en omkring die klanke dan soos in die voorbeeld.

sl	Sy gaan <u>sl</u> aap.
pr	Ek hou van pruime.
bl	Hy dra 'n blou broek met 'n bloedrooi streep.
vl	Die vlag wapper in die wind.
kl	Die kerse op die koek was baie kleurvol.



Vir die pret

Trek die name van die maande wat op die verjaarsdagkalender verskyn na. Daarna moet jy jou geboortedatum en die datums van jou maats se verjaarsdae invul.

Verjaarsdagkalender

Januarie

Februarie

Maart

April

Mei

Junie

Julie

Augustus

September

Oktober

November

Desember

Onderwyser: Teken


Datum

39



Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor. Voorspel wat in die storie gaan gebeur. Juffrou sal julle help om 'n klasstorie te skryf.



Ons lees

Ons is in die dieretuin.
 Die voëls sing en klap hulle vlerke.
 Die krokodil slaap op die groen gras.
 Die hase speel met mekaar.



Werk met woorde


Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan twee van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

klaar	spaar	slaap	vlerk
kloof	spot	slap	vleg
klam	speel	sleep	vlek

Datum: _____

Sigwoorde

alles
almal
altyd



Ons sien die padda.

Ons skryf



Skryf hierdie sin oor.

Blank handwriting lines for the first writing exercise.

Skryf twee sinne oor die prentjie.



Blank handwriting lines for the second writing exercise.



Ons skryf


Vul die woorde wat weggelaat is in. Gebruik die volgende woorde om jou te help.


voël

krokodil

leeu

Die  _____ slaap in die son.

Die  _____ klap sy vlerke.

Die  _____ maak grr.



Ons skryf

My naam is _____
 My gunstelingdier is _____
 Die _____ het strepe.




Ons skryf

Skryf hierdie letters oor.

i i



I I



Klanke

Lees die sinne en omkring die klanke dan soos in die voorbeeld.

aa	Dit is <u>haar</u> rok.
sp	Ons neem deel aan sport.
bl	Die oom is heeltemal bles.
uu	Die appel is suur.
sp	Die leeu spog met sy maanhare.



Datum: _____

Help die kinders om die diere te kry. Wanneer jy 'n dier kry, moet jy die dier se naam onder die prentjie skryf.

Vir die pret



aap

olifant

krokodil

haas

kameelperd



sebra

seekoei

skilpad

padda

leeu



Onderwyser: Teken _____

Datum _____



Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor. Stel 'n klasstorie saam.



Ons lees

Vandag is ons op die plaas.
Die boer ry op sy trekker.
Ons speel met die bok en die henne.
Die eende swem in die dam.



Ons skryf

My naam is _____.
Ek is _____ jaar oud.

Datum: _____

Sigwoorde

altyd
amper
ander



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan twee van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

saam	eende	ook
plaas	speel	rook
gaan	gee	roos



Ons skryf

Skryf hierdie letters oor.

j j



J J



Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.

Jan jaag die jakkals.

Skryf twee sinne oor die prentjie.

Ons skryf



Ons skryf

My skool is _____.

Ek is in graad _____.

Onderwyser: Teken _____

Datum _____

45



Ons doen

Maak die geluide wat plaasdiere maak. Jou maatjie moet raai watter dier jy is.



Ons skryf

Vul die woord in wat kortkom.



gras


eende

trekker

rok

klokkie

Die boer ploeg met 'n _____.



Die _____



swem in die dam.

Die koeie eet _____.



Die meisie het 'n nuwe _____.




Die boer lui 'n _____.



Klanke

Lees die sinne en omkring die klanke dan soos in die voorbeeld.

kl	Ons (kl)im in die boom.
pl	Ons plas in die dam op die plaas.
kl	Die hen klap haar vlerke.
pl	Die kinders pluk pere.
kl	Die plaas is in 'n kloof.








Datum:



Ons doen

Wat kry ons van elke dier?
Verbind die korrekte prentjies met mekaar.



Onderwyser: Teken

Datum




Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.
Voorspel wat in die storie gaan gebeur.



springmielies



olifant




leeu

hond



nar



sirkustent

kinders



Ons lees

Ons is in die tent.
Die hond speel met 'n hoepel.
Die narre speel met balle.
Ons klap vir hulle hande.



Datum: _____

Sigwoorde

bad
baie
begin



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan twee van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

klap	smaak	knap	vaak
klaar	smul	knaap	gaap
klas	smeer	knor	raak



Ons skryf

Skryf hierdie letters oor.

k k

K K



Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.



Die kinders klap hulle hande.

Skryf twee sinne oor die prentjie.

Ons skryf





Ons skryf

My naam is _____
Ek is _____ jaar oud.
Ek wil _____ toe gaan.

Onderwyser: Teken _____

Datum _____



Ons doen


Teken jou gunstelingdier op die T-hemp. Skryf die dier se naam in die spasie.






Ons skryf


Kyk hoe elke woord 'n s kry omdat daar meer as een ding in elke prentjie is.




appels



varkie




trekker



leeu



meisie



hoender

Datum: _____



Klanke


Lees die sinne en omring die klanke dan soos in die voorbeeld.

kl	Die hele kl as gaan sirkus toe.
sm	Ons smul aan ons roomys.
kl	Die kinders klap hard hande.
sm	Bongi se koeldrank smaak lekker.
kl	Daarna klim ons in die bus.



Vir die pret

Verbind die letters om uit te vind wat die sirkusdier is.



Onderwyser: Teken _____

Datum _____



Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor. Stel 'n klasstorie saam.



Ons lees

Dit is laat in die middag.
 Ons gaan speel met die eende by die dam.
 Karel val en maak sy hand seer.
 Wagter die hond kom ons haal.



Datum: _____

Sigwoorde


beter
bietjie
blou



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan twee van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

seer	plas	snik
beer	plat	snaaks
eend	plaat	snip



Ons skryf

Skryf hierdie letters oor.

Handwriting practice lines for the letter 'l'. The first line shows a solid 'l' followed by a dotted 'l'. The second line shows a cartoon lion and a solid 'l' followed by a dotted 'l'.



Ons skryf

Skryf hierdie sin oor.

Handwriting practice lines for the sentence 'Laatmiddag speel ons lekker.' The first line shows the sentence in dotted letters for tracing. The second line is blank for independent writing.

Skryf twee sinne oor die prentjie.

Ons skryf



Blank handwriting practice lines for writing two sentences based on the picture of the monkey.



Ons skryf

Watter dag is dit vandag? Maak 'n kruisie X langs die dag se naam. Omkring jou gustedingdag. Watter dag is dit môre? Maak 'n regmerkie ✓ langs die regte dag.

Sondag		Maandag		Dinsdag		Woensdag	
Donderdag		Vrydag		Saterdag		Sondag	

Onderwyser: Teken _____

Datum _____



Ons doen

